



LEIBBRANDT VAN DEN BERG

Die O.B. wil sy innige medelye betuig aan die naasbestaandes met die heengaan van Leibbrandt van den Berg van Aliwal-Noord — in lewe prokureur en O.B.-leier op die dorp.

Die oorledene is op 19 Mei 1881 in Graaff-Reinet gebore. Hy was 'n eerbare lid van daardie verbygaande Afrikanergeslag wat letterlik 'n hele leeftyd gewy het aan 'n selfopofferende stryd vir die vryheid van sy volk.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy as Kaapse rebel aan die kant van die boere geveg vir republikeinse vryheid. Sy hele lewe lank het hy republikein geblы en altyd 'n doelbewuste Afrikaner. Hy het hom vanaf die stigting van die

organisasie onvermoeid beywer vir die Ossewabrandwag.

Sy lewe en sy stryd was 'n voorbeeld en 'n besieling.

Die Begin . . .

Die lone van tienduizend Britse werknemers in een van die land se grootste kettingwinkels is weens die heersende handelslapte besnoei. In Amerika is 65,700 motorwerkers tydelik ontslaan weens 'n staking van die staalwerkers. As die staking nog twee of drie weke aanhou sal die hele Amerikaanse motorbedryf, met 700,000 werkers, tot stilstand kom.

Hou Protektorate Uit Verkiezing, Sê Pirow

In sy jongste Nuusbrief waarsku adv. O. Pirow dat die vraagstuk van die oordrag van die Britse Protektorate nie in die partypolitiek gesleep moet word tydens 'n algemene verkiesing nie.

„Uit die oogpunt van nasionale belang,” skryf hy, „behoort die vraagstuk van die Protektorate ons insiens uit die partypolitiek gehou te word. Dit wil sê, as ons werklik die oordrag van die Protektorate aan die Unie wil verkry, dan moet ons die saak nie die speelbal van 'n algemene verkiesing maak nie, want, laat ons dit nou maar reguit sê, geen Britse regering durf die gebiede aan dr. Malan of die Nasionale Party oorhandig nie, al het die meerderheid van die Unie se kiesers hulle daarvoor uitgespreek. Intendeel, as oor die kwessie gestem is, sal Brittanje met reg sê, dat amper die helfte van Suid-Afrika se kiesers hulle teen so 'n oordrag uitgespreek het. Vandag sou die Britse kabinet dit nie kon beweer nie, want advokaat Strauss het duidelik verklaar dat sy party ook vir die inlywing staan, en met die regering alleen oor die prosedure verskil wat moet toegepas word.

„Indien die Nasionale Party die verkiesing wen — soos ons stellig verwag — en die Regering het nou 'n besliste opdrag om die Protektorate van Brittanje te eis, dan sal Brittanje weier, deur middel van sy beproefde uitlugte, nl. dat die betrokke natuurlike geraadpleeg moet word. ens., ens. Wat gaan ons dan doen? Gaan ons by die V.V.O. protesteer, of ekonomiese sanksies toepas, of oorlog verklaar, of wat?

KWESBARE FRONT

„Dr. Malan het reeds iets laat

val omtrent 'n moontlike boikot van die gebiede en daar is geen twyfel dat ons ten minste Swaziland en Basoetoland gou op hulle knieë sou kon bring. Maar is ons gereed om so 'n stap te doen? Afsien van weerwraakmaatreëls wat Brittanje mag toepas, moet ons ons oog ook op die V.V.O. hou. Sal dit nie 'n gulde geleentheid vir daardie liggaam wees om sy neus diep in ons sake te steek nie? En daar is een front waar ons baie kwesbaar is, nl. die finansiële front. Dit kos net 'n kort geselsie onder minder as 'n half-

dosyn nasies, en ons leningsbronne droog totaal op. Hoe lank sal enige regering onder daardie omstandighede aan bewind bly?

VERDELING VAN AFRIKA

Nee, ons insiens moet die Regering stadig oor hierdie klippe beweeg. Om mee te begin, moet ons onself afvra wat ons van plan is om met die Protektorate te doen. Wil ons daar blanke nedersetters vestig of wil ons dit tog maar net vir die behoeftes van die natuurlike bevolking gebruik? Daar kan geen twyfel wees dat laasgenoemde die enigste doel moet wees. Laat ons dit dan reguit sê, en laat ons ons planne openlik yasknoop aan die gedagte van aparte natuurlike state, d.w.s. die uiteindelijke verdeling van Afrika tussen Swart en Wit. Laat ons op daardie grondslag die oordrag van die Protektorate eis en laat dan nog iemand die fona fides van ons apartheidsbeleid in twyfel trek.”

HAVENGA GAAN GELD LEEN

Die minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, sal op 1 Augustus op 'n uitgebreide reis oorssee vertrek. Vermoedelik sal hy drie maande wegbly. Hy hoop om lenings ten bedrae van miljoene ponde in die buiteland aan te gaan.

Mnr. Havenga sal egter op die Londense kapitaalmarkt geen geld soek nie. Hy sal nie die Britte se pondjies na Suid-Afrika probeer wegluk nie.

Die minister gaan vanselfsprekend eers na Londen en dan na Meksiko-stad om vergaderings van die Wêreld-Bank en die Internasionale Monetêre Fonds by te woon.

Daarna sal hy met die oog op lenings bankiers gaan spreek in New York, in België en in Switserland. Mnr. Havenga verwag om in laasgenoemde land geld te kry.

EMPIRE BERAAD

Die gebruiklike konferensie in Londen bly natuurlik ook nie uit nie. Saam met ander ministers van finansies van die Britse koninkryke en kolonies sal mnr. Havenga, onder voorsitterskap van die Britse minister van finansies, Guy Butler, beraad hou om Brittanje te help deur versterking van die sterlinggebied.

Geheime Beraad

'n Geheime konferensie van stafhoofde van die Britse Statebondslende is verlede Woensdag deur die hoof van die Britse generale staf te Larkhill in Engeland geopen.

Suid-Afrika is deur luit.-genl. C. L. de Wet du Toit verteenwoordig.

BRITSE VOORSTEL BETEKEN SWART BUURSTAAT VIR UNIE

Die Britse regering het die ontwerpvoorstelle vir 'n federasie tussen Suid- en Noord-Rhodesië en Niassaland gepubliseer na maandelange voorafgaande samesprekings in Londen tussen die Imperiale regering en die betrokke gebiede. Die eerste konferensie oor die voorgestelde federasie wat in Suid-Rhodesië gehou is, het misluk as gevolg van die teenstand van die gebiede se natuurlike bevolkings. Die natuurlike is blykbaar nou tevrede gestel. Verlede week is die ontwerpplan in die Suid-Rhodesiese wetgewende vergadering bespreek.

Die voorstelle bepaal 'n Federale Parlement van 35 lede, waarvan 26 gekies moet word deur die stemgeregtigdes van die drie gebiede. Stemgeregtigdes sal wees alle blankes en nie-blankes wat aan bepaalde onderwys- en inkomstekwalifikasies voldoen. Origiens moet ses van die oorblywende nege lede natuurlike wees wat deur die natuurlike van die gebiede — twee lede vir elke gebied — gekies word. Twee lede sal aangestel word om die natuurlike van N.-Rhodesië te verteenwoordig en een lid — 'n blanke — om die natuurlike van Suid-Rhodesië te verteenwoordig.

NATUURELLEPARLEMENT

Hierdie voorstelle, naamlik die bepalings oor 'n gemeenskaplike kieserslys, laat hoegenaamd geen twyfel dat die lede van die federale parlement binne afsienbare tyd hoofsaaklik uit natuurlike sal bestaan nie. Indien die voorgestelde federasie ooreenkomstig die huidige voorstelle tot stand kom, beteken dit dat 'n nuwe buurstaat op die Unie se noordergrens gestig word wat binne afsienbare tyd deur natuurlike regeer sal word. Bowendien sal dit beteken die verdwyning van die laaste reste van blanke seggenskap en heerskappy in Sentraal-Afrika.

Die federasieplanne van die Imperiale Regering en van ons noordelike buurgebiede is derhalwe van die allergrootste belang vir elke witman in Suid-Afrika. Ons neem aan dat die Unie-regering die hele aangeleentheid noukeurig dophou en die ernstigste aandag daaraan skenk.

VREES VIR UNIE

Die Rhodesiese debat oor die

federasievoorstelle was baie insiggewend. Dit het sommige van die federasie-motiewe openbaar. Dit blyk dat sir Godfrey Huggins, Eerste Minister van Suid-Rhodesië, en sy vriende wat die federasievoorstelle ondersteun, dit doen op grond van die vrees dat Suid-Rhodesië uiteindelik noodgedwonge by die Unie ingelyf sal moet word tot nadeel van die Britse invloed in Afrika. Sir Huggins het verklaar: „Dit is nie so vergesog as wat sommige mense mag dink dat Suid-Rhodesië, nie omdat hy dit verlang nie, maar weens ekonomiese noodsaak, deur 'n groter staat ingelyf sal moet word.” Voorts het sir Huggins gesê: „Ons verlang een of ander vorm van vereniging van die gebiede in Sentraal-Afrika sodat ons 'n sterk Britse blok in hierdie deel van Afrika kan skep as 'n broodnodige stabiliserende faktor.”

VYFDE PROVINSIE

Mnr. Alex Winterton, Minister van Handel, het verklaar dat Suid-Rhodesië nie op sy eie bene kan staan nie. Indien die federasievoorstelle nie aanvaar word nie sal nie-blanke druk die gebied in 'n noordelike swart staat dwing of blanke druk sal hom verplig om 'n vyfde provinsie van die Unie van Suid-Afrika te word. Hy het daaraan herinner dat die Unie-grondwet voorsiening maak vir die opname van Suid-Rhodesië in die Unie en hy het gesê dat daar reeds baie mense in Suid-Rhodesië is wat ten gunste van sodanige opname is. Hulle is die mense wat nie beswaar het teen tweetaligheid en apartheid nie.

TEENSTAND

Baie betekenisvol is ook sir Huggins se verwerping van die

beleid van blanke heerskappy. Hy het gesê: „Ons moet sonder aarseling die beleid verwerp dat ons heerskappy op die kleur van ons vel berus.”

Die debat in die wetgewende vergadering het egter ook bewys gelever van sterk teenstand teen die federasievoorstelle.

Die leier van die opposisie, mnr. Roy Stockil het gesê dat die voorstelle heel moontlik tot die stigting van 'n nuwe politieke party kan lei. As die eerste minister vasbeslote is, het hy gesê, om met die reëling voort te gaan, sal diegene wat teenoorgestelde neigings op die saak nahu bymekaar moet kom en die nadele en gevare van die huidige voorstelle aan die bevolking verduidelik.

Op 'n vergadering in sy kiesafdeling het mnr. Stockil verklaar dat as die federasievoorstelle aanvaar word dit sal beteken dat binne 15 of 20 jaar 16 van die 17 verteenwoordigers wat Suid-Rhodesië na die federale parlement moet stuur natuurlike sal wees. Net een blanke lid word vir die gebied gewaarsborg en met die oog op die getalle-oorwig van die natuurlike sal dit net 'n kwessie van tyd wees voordat die orige parlementslede wat Suid-Rhodesië sal kies natuurlike sal wees.

ALGEHELE APARTHEID

Mnr. Lardner Burke van die United Party het in die wetgewende vergadering verklaar dat die natuurlike gou 'n oorwig sal hê en dat die blankes nie deur geweld nie, maar deur getalle uitgedruk sal word.

Voortgaande het hy gesê: „Ons kan twee state stig wat die natuurlike se eie sal wees. Dit is die oplossing. As die blanke in dié deel van Afrika moet bly,

moet daar veiligheidsmaatreëls vir hom wees en die enigste veiligheidsmaatreël wat ek sien, is natuurlike state waarheen die natuurlike kan gaan.” Mnr. Burke se oplossing is territoriale apartheid. En dit is blykbaar die enigste oplossing.

Die O.B. het al dikwels verklaar dat die handhawing van die witman se gesag in Afrika en reëling van die verhoudings tussen wit en swart in ons vasteland aangepak en opgelos moet word ooreenkomstig 'n Afrika-beleid van gebiedsverdeling tussen wit en swart. Dit is die beleid van algehele of territoriale apartheid.

AANKNOPINGSPUNT

Dit is baie jammer dat die regering van die Unie hierdie beleid vir voorbaat verwerp het en as onprakties bestempel het. Vir ons lyk dit asof hierdie beleid juis nou 'n aanknopingspunt met ons Suid-Rhodesiese buurman kon gewees het.

Die Afrikanervolk se skepende hydrae — uit eie historiese ervaring geput — tot die reëling van wit-swart verhoudings in Afrika is algehele apartheid; dit is die skeiding van wit en swart gemeenskappe. Dit is die taak van elke Afrikanerregering om hierdie hydrae aan te bied.

BRITSE GEVAAR

Die Afrikanervolk mag nie die rol wat Groot-Brittanje in Afrika speel gedwee aanvaar nie. Die Britse hydrae tot die reëling van wit-swart verhoudings in Afrika is gelykmaking deur uitwissing van kleurgrense. Dit is lynreg in stryd met die opvattinge en belange van elke witman in Afrika. Die blankes in Afrika moet bewus gemaak word van die Britse Gevaar vir hul voortbestaan en leefwyse.

Waarom moet Suid-Afrika 'n lid van die Britse Statebond bly — selfs as hy 'n republiek word — wanneer Brittanje 'n swart staat aan sy noordergrens wil stig om sy toekoms as witmansland te benadeel?

DIE O.B., WOENSDAG, 2 JULIE, 1952

O.B.-LEDE STEUN NIE POLITIEKE PARTYE

Watter houding behoort 'n O.B.-lid teenoor 'n politieke party — alle partye — in te neem? Hierdie vraag is op die oomblik van belang omdat O.B.-lede enersyds gevra word om hul tradisionele afkeur van die partystelsel te handhaaf en andersyds by hulle propaganda gemaak word om 'n politieke party te ondersteun. Laat ons die vraag beantwoord (sonder die gevaar om weersprek te word) met 'n aanhaling uit die boekie: „Iets Oor die Ossewabrandwag”, wat in 1947 deur die Voorligtingsafdeling van die Ossewabrandwag uitgegee is met die volle instemming sowel as met 'n voorwoord deur die toenmalige kommandant-generaal van die beweging.

WEG MET PARTYE

In 'n verduideliking van die eerste beleidspunt van die O.B., nl. Volkspolitiek in plaas van Partypolitiek, lui dit: (Ons haal woordeliks aan.)

Die Ossewabrandwag voel dat die verdeeldheid wat deur die partystelsel tussen Afrikaner en Afrikaner, tussen broer en suster, vader en seun, gekom het soos 'n alles verterende kanker in ons volkslewe geword het dat dit tyd geword het om „Halt” te roep. Ons is siek en sat daarvan om goeie en eerbare Afrikaners net as „Sap” en „Nat”, „Smelter” of „Gesuiwerde” te sien. Ons ken hulle — beide daardie Sap en daardie Nat — as goeie en waardige volksgenote, bloed van ons bloed en vlees van ons vlees. En ons soek nou om die skeidingsmure tussen hulle te laat instort.

In hierdie opsig is die Ossewabrandwag die dinamiet aan die fundamente van die partystelsel . . . van alle partye.

Daarom sê die Ossewabrandwag: „Weg met hierdie ingevoerde stelsel van georganiseerde broedertwis en vyandskap.

VERDEELDHEID

Waarom is die O.B. teen die partystelsel? — Omdat die O.B. na volkseenheid streef en omdat die partystelsel in sy hele wese en met voorbedagte rade, die volk moet verdeel in minstens twee of meer eksklusiewe groepe, wat mekaar uit die aard van die saak moet beveg. Om te wen moet elke groep die volksgenote so ver moontlik van die ander groep probeer afrokkel. Meestal geskied dit deur middel van verdagmakery en beswaddering van die ander groep se leiers en motiewe. („Hul leier het sykouse by die koning se hof gedra,” oftewel „Hulle leier het Vrymesselaarsbriewe geskryf.” „Hy skakel met die vyand,” ensovoorts, ensomeer. Ons ken die storie almal.) Om die volk beter te kan verdeel en die verdagmakery meer oortuigend te kan versprei, stig elke groep ook koerante, ens.

Die O.B. noem die partystelsel georganiseerde vyandskap in die boesem van die volk.

UITHEEMS

Is die partystelsel 'n inheemse tradisie van ons volk? — Partypolitici sê dikwels dat die poging om die partystelsel af te skaf 'n na-aping van oorsese stelsels is. Eintlik is hulle die na-apers, want die partystelsel is nie 'n ding wat in hierdie land sy wortels het nie. Dis veelmeer 'n voëlt wat van oorsee hierheen oorgewaaie het. Dit is uit Engeland ingevoer toe die Kaapkolonie verantwoordelike regering gekry het eers in 1872; in die Transvaal en Vrystaat kom dit eers in 1907.

Waar die Afrikanerdom — wat die inheemse tradisie van hierdie land verteenwoordig het — homself kon wees, sonder inmenging van Downingstraat, naamlik in die Republieke benoemde die Oranje en die Vaal, daar was geen partystelsel nie. In Transvaal het die Volksraad selfs so ver gegaan as om die stigting van partye, of „eleksiekomitees”, te belet.

Ook is dit kensketsend dat na die verowering deur Engeland/toe die Transvaal en die Oranjerivier-Kolonie in 1907 selfbestuur gekry het, die Afrikaanse element instinkmatig die benaming „party” vermy het. Hulle het blykbaar gevoel dat dit die wapen van hulle vyande was, en nie die eie. Terwyl die Engelssprekende element in die Oranjerivier-Kolonie die „Unionist Party” gestig het, as politieke organisasie, net soos in die Kolonie en die „Progressive Party” in Transvaal, het die oud-Republikeine in die Oranjerivier-Kolonie hulle volksorganisasie genoem die „Oranje Unie”, terwyl die „Progressives” in Transvaal beveg was deur „Het Volk” — let wel: nie die „Volksparty” nie maar net die „Volk.”

Selfs in die Kaapkolonie, waar hulle nooit die kans gehad het om onbelemmerd te werk nie, het die Afrikaansgeoriënteerde element hulle organisasie genoem die „Afrikanerbond” — nie die „Afrikanerparty” nie.

MOENIE PARTY STEUN

Dit alles net as voorbeelde dat, wat die goeie of slegte punte van die partystelsel ook al mag wees, een punt histories onomstootlik is: nl. dit was nooit Afrikaans nie.

Eers na Unie in 1910 het die meeste Afrikaners vir die eerste keer in hulle lewe lede van 'n party geword, die ou Suid-Afrikaanse Party. En kort daarna, in 1912, het die broedertwis uit daardie stelsel gespruit en altyd feller geword totdat dit vandag selfs kerkgemeentes uitmekaar geskeur

(Vervolg in volgende kolom.)

Van die Os op die Esel

Oom Klasie se Groot Reputasie

Daar was 'n tyd — nie so baie lank gelede nie — toe oom Klasie Havenga 'n onaantasbare politieke reputasie in ons land geniet het. Hy was 'n man van hoë politieke aansien by vriend sowel as by vyand; by die volk sowel as by die partypolitici.

In daardie dae was mnr. Havenga die bondgenoot van die Verenigde Nasionale Party — en die voorwaardes van bondgenootskap was duidelik, nl. die gees en die strekking van die tradisionele Hertzog-politiek moes nie geweld aangedoen word nie. Toe was oom Klasie 'n man met wie sy bondgenote moes rekening hou.

En teenoor sy politieke vyande het oom Klasie borg gestaan vir die regering waarvan hy 'n onafhanklike lid was. Oom Klasie het vir hulle gesê: Julle kan gerus wees. Moenie bang wees vir ekstremisme nie. So lank ek lid van die regering is sal ek sorg dat sake nie skeef loop nie.

So onaantasbaar was oom Klasie se politieke reputasie in daardie dae dat hy die Opposisie in die parlement kon uitdaag om sy politieke eerlikheid en goeie trou in twyfel te trek. Doen dit net, het hy vir hulle gesê, dan pak ek my politieke koffers en dan gaan ek plaas toe. En die waarheid is dat die Opposisie nie gewaag het om 'n woord te sê nie. Ja, so onaantasbaar was oom Klasie se politieke reputasie.

Dit is daarom verstaanbaar dat die volk baie hoë verwagtings van oom Klasie gekoester het.

Onaantasbaarheid het Verlore Gegaan

Maar sedert die dae waarvan ek nou gepraat het, is oom Klasie se politieke party by die Nasionale Party van dr. D. F. Malan ingelyf en het oom Klasie sy politieke onafhanklikheid verloor. En blykbaar het die politieke onaantasbaarheid van sy politieke reputasie daarmee ook verlore gegaan. Ek sê dit op grond van die kwaai persoonlike aanval wat verlede week in die parlement op oom Klasie gemaak is.

Tydens die debat oor die Begrotingswetsontwerp in die Senaat het Senator D. Jackson van die Verenigde Party die verwyt aan oom Klasie se adres gerig dat hy nie by sy beloftes aan die nie-blankes gestaan het nie; dat hy hom vereenselwig het met aanvalle op die Appèlhof; en dat hy toegelaat het dat die Nasionale Party hom gevangene neem. Na aanleiding van die skerp verdeling oor groot sake tussen die klein blanke bevolking van die land, wat hom moed laat verloor vir die toekoms het die Verenigde Partysenator die volgende gesê: „As daar een man is wat die toestand kan verhelp het, dan is dit die Minister van Finansies, maar die lokstem van die kabinet en die begeerte om aan die bewind te bly, was te sterk.”

My lesers sal saamstem dat

(Vervolg van vorige kol.)

het en families in vegtende en twistende elemente gesplits het.

Tot sover die aanhaling: Daaruit blyk afdoende (1) dat dit nie O.B.-lede se taak is om 'n politieke party te ondersteun nie; en (2) dat O.B.-leiers hoegenaamd nie geroepe is om hul volgelinge vir 'n politieke party te werf nie.

Deur Sybrand

dit 'n baie uitgesproke aanval op mnr. Havenga is en dat as dit nie sy politieke goeie trou in twyfel trek nie, dan kom dit baie naby daaraan.

Kon Twee Keer Eerste Minister gewees het

Dit spyt my en dit maak my seer dat 'n Afrikanerleier van oom Klasie Havenga se formaat in die parlement blootgestel is aan 'n beskuldiging wat daarop neerkom dat hy, minstens sommige politieke oortuigings wat hy bely het, vaarwel gesê het terwille van politieke mag en 'n setel in die kabinet.

Ek vra myself af: Hoe is dit moontlik dat sulke beskuldigings na die hoof van 'n man geslinger word wat 'n kort tyd gelede nog 'n politieke reputasie gehad het wat selfs sy politieke vyande nie wou aantast nie? Die antwoord hierop is blykbaar dat oom Klasie kort gelede nog die leier was van 'n selfstandige nasionaalgesinde politieke party, waarmee 'n bepaalde politieke gesindheid en koers vereenselwig is; en dat oom Klasie vandag 'n provinsiale leier is van dr. Malan se Nasionale Party, waarmee ook 'n bepaalde politieke koers en gesindheid vereenselwig word.

Dit stem 'n mens darem tot nadenke, nie waar nie?

Blykbaar het oom Klasie hom bloedig vererg oor die persoonlike aanval op hom. In antwoord daarop het hy o.a. gesê „dat hy om sy ideale in die politieke woestyn ingegaan het, maar nou moet hy hoor dat hy deur die „lokstem van die kabinet en mag” aangelok is.” Oom Klasie het voorts hierdie betekenisvolle opmerking gemaak: „As hy bereid sou gewees het om sy beginsels op te offer, kon hy twee keer Eerste Minister geword het, maar hy was nie bereid om dit te doen nie.”

Sal Oom Klasie Eerste Minister word?

Ek weet natuurlik nie waarna oom Klasie verwys wanneer hy sê dat hy twee keer Eerste Minister kon geword het nie. En hy het ook nie gesê nie. Maar dit is vir my betekenisvol dat hy die Eerste Ministerskap noem in sy antwoord op die beskuldigings teen hom. Sou hy dit agter in sy kop hê dat hy verdink word daarvan dat hy sy politieke party by die Nasionale Party laat inlyf het en al die beginsels van dr. D. F. Malan se party aanvaar het, in die verwagting dat hy Eerste Minister sal word wanneer dr. Malan die tuig neerlê? Indien ek 'n beskeie bydraetjie kan lewer om oom Klasie te help om sodanige suspisie, wat moontlik mag bestaan, te verwyder dan wil ek dit graag doen. Daarom verklaar ek dat dit hoegenaamd nie 'n uitgemaakte saak is dat oom Klasie vir dr. Malan sal opvolg as Eerste Minister nie.

Die verhaal van oom Klasie Havenga het egter een feit baie duidelik gemaak. Dit is dat die onaantasbaarheid van 'n man se politieke reputasie in geen opsig vergroot word deur inskakeling agter en by die Nasionale Party van dr. Malan en dr. Dönges en mnr. Erasmus en mnr. Swart en mnr. Strydom, ens. nie. Dit is 'n duur les wat oom Klasie verlede week weer in die Senaat geleer het.

Miskien moet die vraag gestel word: By wie word die onaantasbaarheid van 'n man se poli-

tieke reputasie nie vergroot nie? Die antwoord is: Nóg by die partypolitici, nóg by die volk. Neem weer oom Klasie se geval as 'n voorbeeld. Die volk koester vandag geen verwagtings meer van oom Klasie nie. Vir die Opposisie het hy nie meer die status van 'n borg nie. En vir die Nasionale Party is hy nie meer 'n bondgenoot met wie se standpunt rekening gehou moet word nie; hy is nou 'n lid van die party wat deur die dissipline van die party beheer word.

Naweë van Heulery met Partypolitiek

Nadat ek in die afgelope tyd die koerantverklarings van 'n paar voormalige O.B.-offisiere gelees het, het 'n nuwe vlaag van blydskap my beetgepak oor die wysheid wat op die jongste sitting van die Grootraad openbaar is, toe besluit is dat die Ossewabrandwag hom geheel en al aan die partypolitiek onttrek. Die koerantverklarings waarvan ek praat het vir my opnuut bewys hoedat die partypolitiek Afrikaners uitmekaar kan jaag.

Hoewel die Ossewabrandwag hom nooit met die partypolitiek vereenselwig het nie, is tog toegelaat dat O.B.-lede aangemoedig word om by die Afrikanerparty aan te sluit, toe die party in 1947 en 1948 herrys het. Die naweë van hierdie bietjie heulery met die partypolitiek ondervind die Ossewabrandwag vandag.

Tot die verbasing en spyt van O.B.-lede oor die hele land moet ons vandag in die koerante lees hoedat 'n „voormalige O.B.-leier” of 'n „former O.B.-chiel” hom uitspreek ten gunste van of die Nasionale Party of die Verenigde Party. Mense wat jarelank dieselfde pad geloop het spat vandag uitmekaar agter verskillende politieke partye aan. Die skurkrag van die partypolitiek gaan alle menslike verstand te bowe. Daarom verheug ek my in die openbaring van 'n stukkier rype volkswysheid wanneer die Grootraad besluit dat die Ossewabrandwag hoegenaamd niks te doen moet hê met die partypolitiek nie.

Koerantberigte

O.B.-lede moes in die pers lees van die „voormalige leier van die Ossewabrandwag” wat samesprekings met die leier van die Nasionale Party gevoer het en van die „beste betrekkinge” wat tussen hulle herstel is. En van dieselfde voormalige leier van die O.B. se „vasbeslotenheid” om die Nasionale Party in sy stryd te steun. Selfs moes O.B.-lede in 'n koerant lees van die moontlikheid dat hierdie voormalige O.B.-leier 'n aspirant-kandidaat van 'n politieke party sal wees in 'n sekere kiesafdeling.

In 'n Vrystaatse koerant moes O.B.-lede lees van 'n „oud-lid van die Grootraad van die Ossewabrandwag” wat 'n „beroep op alle lede van die O.B. doen om die Nasionale Party voortaan met alle mag te steun.” Hierdie „oud-lid van die Grootraad” is selfs van mening dat die doelstellings waarvoor die O.B. gestig is vandag bereik is!

Vir hierdie „oud-lid van die Grootraad” is Suid-Afrika blykbaar vandag 'n republiek, buitekan die Britse Statebond, met 'n stelsel van volksregering in plaas van partyregering; word die ekonomiese belange van ons volk doeltreffend behartig deur die verteenwoordigers van die

(Vervolg op bladsy 3 kolom 4)

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEFERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

IN MEMORIAM

DU TOIT.—Met onverminderde liefde en diepe verlange herdink ons weer 30 Junie 1946 toe ons dierbare Marie, eggenote en moeder, uit ons midde na haar salige rus geneem is. Liefste, ons troos is die blye hersien. Nooit vergetend.—Eddie en kinders, Lawleystraat, Parow. 2/7/51

UYS.—Sondagmôre, 29 Junie 1947, sal vir ons altyd onvergelyk bly toe ons vir altyd moes afskeid neem van ons dierbare moeder. Goddank dat ons kan hoop op die blye dag van weersien. —Verlangend, u seuns, Hendrik en Nicolaas, Slangrivier, Heidelberg, Kaap. 2/7/51

TE KOOP

AANDELE.—1.000 Pers-Beleggings-Korporasie-aandele word te koop aangebied teen 1/6 per aandeel. Skryf aan die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad. 2/7/52

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawentjies, stookkarretjies, driewiele, linoleums, tapte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEB-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/51

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, Die Villiersstraat 17, Vaaco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skiffers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling. —Boeregeniesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D1/9/49

ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR, kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. DIE BOEREVROU, Posbus 7539, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis. Oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. Boeregeniesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7539, Johannesburg. (Nr. 11/9/49)

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 18/6/5B

BEPLEIT STIGTING VAN REPUBLIKEINSE PARTY

Mnr. P. J. du Toit, snr.,
Wepener, skryf:

Na aanleiding van die U.R. se besluite wat in Die O.B. van 11 Junie aangekondig is wens ek so een en ander verduidelik te vra en ek vertrou dat dit my goedgegunstiglik vergun sal word.

Ek bemerk dat die verklaring van die U.R. begin deur te sê dat met leedwese kennis geneem word van die verklarings en pogings deur dr. J. F. J. van Rensburg aangewend, omdat dit sou teruglei na die partypolitiek wat deur die O.B. konsekwent verwerp is.

Dr. Van Rensburg se pogings is tog seker om eenheid in die republikeinse geledere te bewerkstellig? Is die doelstelling van die O.B. dan nie die bymekaarbring van alle republikeinse gesindes, die verwesenliking van die republiek en die vernietiging van die verpeste partypolitieke stelsel of liewers ewel nie?

ANTWOORDE

(U is volkome reg omtrent die doelstellings van die O.B.)

Dit is die O.B. se doelstelling om alle republikeinse gesindes bymekaar te bring — maar dan tog vanselfsprekend in 'n republikeinse organisasie wat vir die verkryging van die republiek buitekant en los van die Britse Statebond daadwerklik veg. So 'n organisasie is die O.B., maar die Nasionale Party beslis nie. Pogings moet derhalwe aangewend word om liewer lede van die nasionale politieke party by die O.B. te laat aansluit as anders om.

Dit is ook die O.B. se doelstelling om die partystelsel te vernietig.

U moet egter verstaan dat die partypolitieke ewel (soos u dit tergeteg noem) nie deur 'n politieke party vernietig sal word nie. Onthou u nie dat dr. D. F. Malan skriftelik aan mnr. N. C. Havenga verklaar het dat hy teen die O.B.-lede diskrimineer omdat hulle leiers en hulle amp telike blad propaganda maak teen die partystelsel nie? En

dr. Malan se party handhaaf vandag nog daardie diskriminasie amptelik in sy konstitusie.—RED., O.B.)

Die doel is mos stemkrag, om ten minste die groots moontlike meerderheid te kry. Want dan alleen kan die republiek verkry

Soos Ons Lesers Dit Sien

word en kan die totale uitwissing van die partypolitieke ewel bewerk word. Is dit nie die prosedure wat gevolg sal moet word nie?

(Ja, maar dit sal nie help om stemkrag vir die Nasionale Party bymekaar te maak om die partylose republiek te verkry nie.—RED., O.B.)

PROPAGANDA

Verder sien ek dat die U.R. as 'n eerste stap aanbeveel die stigting van 'n skakelkomitee uit-groepe en persone wat bereid is om die O.B.-beginsels te onderskryf met die doel om buite sowel as binne die parlement die stryd te voer (1) vir die omskepping van die huidige stelsel tot die Republikeinse partylose staat; (2) die oplossing van die kleurbeleid in die vorm van territoriale segregasie; en (3) bestaansveiligheid vir elke lid van die volk.

Dit is voorwaar die enigste en doeltreffendste stellings vir ons land en vir ons volk. Elke lid van die O.B. onderskryf dit en ongetwyfeld ook duisende Nuwe Orde-mense en buitestaanders. Maar wat baat net die propagering daarvan? Ons propageer dit alreeds vir twaalf of meer jare. Nou is ons alweer ontevrede met sekere leiding; dus word ons kragte weer verbreek en daardeur die verwesenliking van ons ideaal vertraag.

KANDIDATE

Sal dit nie verkiesliker wees om instede van 'n skakelkomitee

SWART TREE WEER OP TEEN KAHN

Verlede Donderdag het speurders 'n bevel van die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, op mnre. Kahn en F. Carneson gedien waarin hulle verbied word om enige openbare byeenkoms by te woon wat nie godsdienstig, afleidend of maatskaplik van aard is nie. Die verbod is van toepassing in die Unie en Suidwes en sal vir die eersvolgende twee jaar van krag wees.

Die bevel van die Minister is uitgereik ooreenkomstig die Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme. Dit is in terme van hierdie wet dat die twee genoemde persone 'n maand gelede ontsetel is as naturelle-vertegenwoordigers vir die kiesafdeling Wes-Kaapland in die volksraad en die Kaaplandse provinsiale raad.

STADSRAAD

Die Minister se bevel gelas mnr. Kahn voorts om voor 25 Julie te bedank as lid van die Kaapstadse stadsraad en verbied mnr. Carneson om lid van 'n stadsraad te word. Die verbod geld ook lidmaatskap van die Franchise Action Council. Die verbod op bywoning van vergaderings het by diening van krag geword. Beweer word dat ongeveer 'n uur nadat die verbod op hom gedien is mnr. Kahn die vergadering van die stadsraad bygewoon en aan die besprekinge deelgeneem het. In die

namiddag is mnr. Kahn in die gang buitekant die raadsaal deur speurders in hegtenis geneem. Hy het later in die middag voor magistraat J. J. Coetzer verskyn op aanklag dat hy die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme oortree het. Borgtog van £50 is toegestaan en die saak sal op 7 Julie voortgesit word.

E. S. SACHS

In 'n brief gedateer 21 Junie, wat mnr. E. S. Sachs, gewese hoofsekretaris van die Klere-werkersunie, ook verlede week ontvang het, het mnr. C. R. Swart sy bevel teruggetrek wat mnr. Sachs verbied het om vanaf 8 Mei in enige ander provinsie van die Unie of Suidwes behalwe Transvaal te woon.

Die bevel is kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme uitgereik. Die minister het sy vorige bevel nou effens verlig.

SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

volk se beroepe in 'n beroepskamer; en les bes, word die blanke beskawing en heerskappy in ons land beveilig deur die toepassing van algehele skeiding tussen wit en swart.

Sou hierdie „oud-lid van die Grootraad” nie weet dat die doelstellings waarvoor die O.B. gestig is, nog nie verwesenlik is nie; en dat duisende troue O.B.-lede dwarsdeur die land nog steeds vir die bereiking daarvan veg nie?

'n „Voormalige assistent-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag” verklaar weer dat die regeringsparty se aanval op die geregshowe van die land die laaste strooitjie was wat hom laat besluit het om by die Verenigde Party aan te sluit. Want, so sê hierdie „voormalige A.K.G. van die O.B.”, daar is twee dinge wat die Afrikaner bo alle ander waardeer en dit is sy kerk en sy geregshof. Nou ja! Die implikasie dat mense wat hul kerk en die geregshowe waardeer by die Verenigde Party moet aansluit is tog bog. Nes asof mense in die O.B. dit nie doen nie!

Maak Gebruik van hul O.B.-handvatsels

Maar het u opgelet dat koerantberigte almal verwys na die betrokke persone se voormalige ampte in die O.B. Ek het dit opsetlik aangehaal. Waarom sou die „dooie” Ossewabrandwag se ampsbenamings dan so gretig gebruik word as die handvatsels waaraan die betrokke persone in die verskillende politieke partye gelig word? Natuurlik word dit gedoen vir propaganda-doeleindes om die duisende troue O.B.-lede in die land te probeer oorhaal om agter die betrokke persone aan of by die Nasionale Party of by die Verenigde Party aan te sluit. As dit dan nodig is vir die politieke partye om propaganda te maak by O.B.-lede dan is die O.B. mos nie „dood” soos die partypolitici graag te kenne gee nie. Natuurlik nie.

Maar O.B.-lede word nie so maklik van koers gebring nie. Die pad van die Ossewabrandwag is weereens baie duidelik aangedui in die jongste verklaring van die Uitvoerende Raad van die beweging en dit is die pad waarop O.B.-lede end-uit sal loop.

Is u besig om intekenare op Die O.B. te werf? Dankie.

Beter Tabak maak Beter Sigarette



DIE STEMPEL
VAN UITKOMS
WANT BY
SANLAM
IS UITKOMS
VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens na jou eie
mense soek...

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense
vind—by Sanlam

Maak voorsorg vir uit-
koms by SANLAM



Politici Erken Dat Parlementêre Stelsel Onbevredigend Is

Aan die einde van die jongste sitting van die parlement wat verlede week verdaag het, het die partypolitici ronduit erken dat die parlementêre stelsel onbevredigend is want die opposisie verhinder die regering om die werk wat in die landsbelang afgehandel moet word te doen. Voorts is die erkenning gemaak dat alle pogings om die stelsel te verbeter misluk het.

Die Ossewabrandwag se standpunt is: Los die stelsel wat aan ons volk vreemd is; wat nie goed is nie; en wat nie verbeter kan word nie. Aanvaar 'n stelsel wat ons volk self geskep het en wat deugdelik is.

Die parlementêre masjien werk nie bevredigend nie, het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, verlede week in die Volksraad verklaar. Dit word nie net aan die end van 'n sitting gevoel nie, het hy gesê. Verlede jaar en vroeër al is maatreëls bespreek deur die Komitee oor die Reglement van Orde om die werk van die Volksraad te bespoedig. Niks het daarvan geword nie.

NIEMAND SE SMAAK

Om daardie rede, het die Eerste Minister gesê, moet hy die valbyl voorstel, wat die besprekinge oor die verskillende stadiums van 'n wetsontwerp beperk. Dr. Malan het gesê dat die valbyl 'n beperkende maatreël is wat in niemand se smaak val nie en dit moet alleen in buitengewone omstandighede as saak van noodsaaklikheid toegepas word. Hierdie omstandighede bestaan nou. Werk wat voor die raad dien, moet in die landsbelang afgehandel word.

OPPONEER TE VEEL

Die omstandighede waarna dr. Malan verwys is dat die regering graag die parlement verlede Saterdag al wou verdaag het; maar dan wel nadat sekere

wetsontwerpe aangeneem is. Die opposisie daarenteen het sodanige volle gebruik gemaak van hulle reg om die wetsontwerpe te bespreek, dat hulle daardeur die verdaging van die parlement vir 'n week of selfs langer sou uitstel. Ten einde die wetsontwerpe aangeneem te kry en terselfdertyd die parlement vroegtijdig te verdaag het die regering toe die valbyl toegepas waardeur die besprekinge ingekort is.

IMPONERENDE FRASES

Die leier van die opposisie, mnr. J. G. N. Strauss het heftig beswaar gemaak teen die Eerste Minister se voorstel ter invoering van die valbyl, dit is die vasstelling van bepaalde tydperke waarbinne die wetsontwerpe afgehandel moet word. Hy het die valbyl beskryf as „'n boosaardige instrument” en die voorstel van dr. Malan bestempel as 'n ongeregverdigde aanval op die parlement se eer as die soewereine en oppermagtige wetgewende liggaam van die land en as die omverwerping van sy vryheid en gesag en as die ondermyning en vernietiging van die fundamentele vryhede en regte van die Suid-Afrikaanse volk.

Dit blyk afdoende dat mnr. Strauss met behulp van imponerende frases kaalvuis geveg het vir die regte van die opposisie om die regering te opponeer net solank as wat hy wil en met net soveel toesprake as wat opposisie-lede maar kan lewer.

VEROUDERDE MASJIE

Maar wat beteken die hele petalje wat hierbo aangestip is? Net maar dit, dat „die werk wat in landsbelang afgehandel moet word” nie gedoen kan word nie omdat „die parlementêre masjien nie bevredigend werk nie” want die opposisie probeer verhoed dat die regering die werk doen waarvan die kiesers hom aangewys het.

Dit is tog eenvoudige waarhede wat selfs deur die Eerste Minister erken word. Nogtans is daar 'n groot deel van die volk, wat die partypolitici aanhang, wat maar aanhou om hul hoop te vestig op die parlementêre masjien wat onbevredigend is.

Die Afrikaners wat aan die Ossewabrandwag behoort het lankal die parlementêre masjien verwerp as 'n verouderde instrument wat nie in staat is tot bevordering van die volksbelange nie.

WORD GEHUUR

Dat daar darem baie Afrikaners is wat die dinge raaksien blyk weer uit 'n brief van 'n leser aan een van die Nasionale Party se koerante. Die leser skryf:

„Is dit so dat die Leier van die Opposisie in die Volksraad 'n spesiale salaris van £2,800 ontvang? Waar het die instelling sy oorsprong of staan dit

op die wetboek? Het dr. Malan dit ook gekry toe hy Opposisieleier was?

„As dit so is dat dit 'n spesiale salaris is, dan het die ontvanger daarvan 'n plig om uit te voer en dit is om die Regering op enige moontlike manier te beveg. Dan het niemand mos die reg om adv. Strauss vir sy dade kwalik te neem nie. Hy moet dan eerder lof toegeswaai word as hy die werk doen waarvoor hy deur die staat gehuur word.

GEEN NUT NIE

„Ek kan nie insien tot watter nut dit vir die volk is as die staat spesiale politieke teenstanders huur nie. Dit strem die werk van die Volksraad en verongeluk dikwels 'n goeie saak. Ons glo dat daar vandag V.P.-lede is wie se oortuiging met die beleid van die Regering strook, maar in opdrag van hul kous teen hul gewetens stem. As elke lid egter 'n vrye hand het, sal dit nie nodig wees om mense te huur om die Regering die regte pad te wys nie.

„Vir my lyk die tyd ryp om die partystelsel te laat vaar en 'n regering van die beste manne in te stel.”

MOET HELP!

Die redakteur van die betrokke koerant het sy leser soos volg geantwoord:

„Die Leier van die Opposisie ontvang 'n groter parlementêre toelaag as die gewone lede kragtens 'n wet wat tydens die Smuts-bewind van krag geword het. Dit is 'n wanopvatting dat die Leier van die Opposisie „gehuur” word om die Regering te beveg. As Leier van die Opposisie is dit sy eerste plig om die Regering te help en nie te dwarsboom, soos tans die geval is nie. Dit is ondenkbaar dat daar in afsienbare tyd ooit 'n Volksraad in die Unie sal wees waarin daar nie teenstanders van die Regering sal wees nie, van watter politieke gesindheid hy ook al is.”

As dit die plig van die Leier van die Opposisie is om die regering „te help,” dan kan iemand gerus vir mnr. Strauss op sy plig wys. Sal die betrokke redakteur asseblief vir sy lesers vertel hoe dr. D. F. Malan, toe hy Opposisie-leier was, vir genl. Smuts gehelp het?

PARTYLOOS

Slegs in die partylose republiek van Paul Kruger het sy verslane teenstander, Piet Joubert hom na die verkiesing gehelp — nie deur die leier van die verkose president se opposisie te word nie, maar deur sy kommandant-generaal te word. In 'n land waar die partystelsel heers is sodanige samewerking en gevolglike volkseenheid onmoontlik.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

NET N.P.-KOUKUS SAL „HOË” HOF WEES

Dit is voorlopig bepaal dat die Hoë Hof van die Parlement op 11 Augustus in die ou Raadsaal op Pretoria sal vergader. Die speaker van die Volksraad, adv. J. H. Conradie, is President van die Parlementêre Hof.

Die Eerste Minister het namens die regering 'n aansoek by die President van die Parlementêre Hof ingedien waarin gevra word dat die Hof die Appèlhof se uitspraak in verband met die Kleurlingwet moet hersien.

Die President het die volgende lede op die Regterlike Komitee van die Parlementêre Hof aangewys: Mnr. C. R. Swart (voorsitter); F. C. Erasmus; J. F. Naudé; J. G. N. Strauss; C. M. van Coller; M. J. Vermeulen; J. Duthie; drs. C. F. Steyn; A. Hertzog en D. C. Conradie.

Die Regterlike Komitee sal op 21 Julie in die ou Raadsaal in Pretoria vergader om verhoë en argumente aan te hoor namens die partye wat by die saak betrokke is. Daarna sal die Komitee 'n verslag met aanbevelings optrek wat hy aan die Parlementêre Hof sal voorleë. Hierdie Hof sal vermoedelik die verslag en die aanbevelings op 11 Aug. begin oorweeg en daarna sal hy sy beslissing gee.

BOIKOT

Aangesien die Opposisie-partye waarskynlik die verrigtinge van die Parlementêre Hof sal boikot is die verwagting dat lede van die Opposisie wat op die Regterlike Komitee benoem is nie sal dien nie en dat die Opposisie-lede ook nie die sitting van die Hof sal bywoon nie. Dit is moontlik dat die Kleurlingwet wat 'n party in die geding voor die Appèlhof was en wat die steun van die Opposisie geniet ook nie voor die Komitee of die Hof sal verskyn nie.

Sodanige optrede sal nie die verrigtinge van die Parlementêre Hof onmoontlik maak nie want vier lede van die Regterlike Komitee en honderd lede van die Hof is 'n kworum.

BRITTE GEE GELYKHEID

Die Britse regering het die beginsel van volkome rassegelykheid ten aansien van Tanganjika aanvaar het Oliver Lyttelton, minister van kolonies, verlede week in die Britse Laerhuis verklaar. Gelyke verteenwoordiging van blankes, naturelle en Asiate sal voortaan in die Wetgewende Vergadering van Tanganjika geld.

Die raad sal bestaan uit 42 lede — 21 amptelike en 21 nie-amptelike lede. Eersgenoemde word aangestel en laasgenoemde gekies, met dien verstande dat sewe blankes, sewe naturelle en sewe Asiate moet wees.

VOLLE DEELNAME

Lyttelton het die Britse regering se doel en voorneme met Tanganjika duidelik gestel. Dit is om die gebied in ooreenstemming met die bepalinge van die Voogdyooreenkoms te administreer totdat volle selfregering bereik is. Die Britse regering beskou dat die Voogdyooreenkoms hom verplig om toe te sien dat alle seksies van die bevolking, ongeag van ras of afkoms, volle deelname het in die ontwikkeling van die gebied se politieke instellings sowel as in die ekonomiese en maatskaplike vooruitgang van die gebied.

BRITS WEES

Lyttelton het gesê: „Die regering hoop met vertroue dat wanneer die doel bereik is Tanganjika binne die Britse Statebond sal wees.” Blykbaar gee

Tee-Aand

'n Baie aangename tee-aand is verlede Donderdagaand gehou aan die huis van mev. A. Jung-haus. Die gaste het gesellig verkeer en die som van £2 4s. gestort vir die tee wat voorberei is.

Die aankondiging oor die volgende tee-aand sal later gedoen word.

die Britse regering nie om dat Tanganjika 'n swart staat word nie — solank hy maar in die Britse Statebond bly.

memo oor
persoonlike
keurigheid



Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703

Kaapstad



TITO GOBBI

Wêreldberoemde bariton

sê

... I have chosen Rembrandt because they are easy on my throat.



Elke sigaret
'n meesterstuk

Rembrandt

Kopiereg

RA58